higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N880**(A)**(J4)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE PUBLIEKE ADMINISTRASIE N4

(21010014)

4 Junie 2019 (X-Vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE PUBLIEKE ADMINISTRASIE N4
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.13) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Burgemeesters en onderburgemeesters word verkies tydens die maand van die plaaslike regering se algemene verkiesing. (2)

1.2 Uitvoerende rade maak deel uit van die uitvoerende gesag van die provinsie op dieselfde manier as wat die kabinet deel van die sentrale regering uitmaak. (2)

1.3 Een van die magte van die premier is om oortreders te begenadig. (2)

1.4 Die Ouditeur-Generaal het die bevoegdheid om enige optrede met betrekking tot staatsaangeleenthede of publieke administrasie op enige regeringsvlak te ondersoek wat na bewering of vermoedelik onbehoorlik is. (2)

1.5 Staatsamptenare is nie van owerheidsweë aanspreeklik vir al hulle dade en wandade wat in publieke administrasie gepleeg word nie. (2)

1.6 Die beampte in beheer van 'n enkele direktoraat in 'n staatsdepartement staan bekend as 'n direkteur. (2)

1.7 Die koers waarteen geld geleen word, staan bekend as die repokoers. (2)

1.8 Adjunkministers maak nie deel van die kabinet uit nie. (2)

1.9 Die provinsiale wetgewer het gesag oor TBOO-kolleges en universiteite van tegnologie. (2)

1.10 Die egalitêre stelsel is 'n stelsel van ongelykheid. (2)

1.11 Kameraderie beteken dat die vrou se rol in die gesin slegs dié van opvoeder en tuisteskepper is. (2)

1.12 Nie alle burgers het die reg op gelykheid voor die reg nie. (2)

1.13 Winnie Madikizela Mandela was die vrou wat algemeen as die Moeder van die Nasie in Suid-Afrika bekend gestaan het. (1)

[25]

TOTAAL AFDELING A: 25

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

Beantwoord AL DRIE vrae in AFDELING B.

VRAAG 2

2.1 Die Grondwet het 'n permanente liggaam geskep om verteenwoordigende demokrasie in Suid-Afrika te bevorder en te beskerm. Hierdie liggaam verseker vrye en regverdige verkiesings in die toekoms. Noem hierdie liggaam. (1)

2.2 Noem die doelwitte van hierdie liggaam in VRAAG 2.1. (4 × 2) (8)

2.3 Wie is die voorganger van die voormalige Suid-Afrikaanse president, Thabo Mbeki? (2)

2.4 Die stemregkwalifikasies word in die Kieswet van 1993 voorgeskryf. Noem enkele stemregkwalifikasies. (6)

2.5 Verduidelik die betekenis van die woord *demokrasie*. (4)

2.6 Plaaslike regerings ontvang hul geld uit verskeie bronne.

Noem sulke inkomstebronne. (4)

[25]

VRAAG 3

3.1 Die kabinet speel 'n baie belangrike rol as 'n uitvoerende instelling.

Bespreek die rol van die kabinet onder die volgende opskrifte:

3.1.1 Samestelling van die kabinet (3 × 2) (6)

3.1.2 Prosedure en aktiwiteite van die kabinet (3 × 2) (6)

3.2 Verduidelik die rol van die volgende beheerinstellings:

3.2.1 Ouditeur-Generaal (3 × 2) (6)

3.2.2 Openbare Beskermer (3 × 2) (6)

3.3 Wie is die opvolger van die voormalige Openbare Beskermer, advokaat Thuli Madonsela? (1)

[25]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Die premier van 'n provinsie het die bevoegdhede en funksies wat deur die Grondwet aan hom/haar verleen word.

Beskryf die rol van die premier onder die opskrif: Verkiesing van 'n premier. (3 × 2) (6)

4.2 'n Beleid is 'n verklaring van voorneme om iets te doen of deur 'n gespesifiseerde instelling te laat doen. Daar is verskillende rolspelers in beleidmaking.

Noem VYF rolspelers behalwe die kommissie van ondersoek. (5 × 2) (10)

4.3 Noem VYF tipes administratiewe uitvoerende instellings wat op die sentrale regeringsvlak aangetref word. (5)

4.4 Noem en verduidelik kortliks VIER funksies van die stadsklerk. (4)
[25]

TOTAAL AFDELING B: 75
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou